**Donderdag 10 Mei (Hemelvaart)**

| **Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:1-4** | **Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:1a, 4** |
| --- | --- |

# Gelowiges uit God gebore oorwin die sondige wêreld

Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore. Daarin setel ons die geloof: in ons kindskap van die Vader, in God wat liefde is (4:16b), wat ons sy kinders noem (1 Joh. 3:1). Hy hét nie maar net liefde nie, Hy ís liefde. In ons besondere belydenisskrif uit die Nederlande van die 16de eeu is liefde nie een van die tien deugde of attribute wat ons van God bely nie (NGB Art. 1), want Hy is liefde; dit is sy Wese.

Die gryse apostel Johannes vat sy preek (1 Johannes is meer preek of teologiese trak-taat as brief) in hoofstuk 5 saam en stel dit aan sy liewe kinders – waarskynlik die ge-meentes van Klein-Asië – dat hulle kindskap vasstaan deur hulle geloof dat Jesus en die Vader een is. Hulle leef teen die einde van die eerste eeu te midde van dwaalleraars wat ontken het dat die ewige Seun van God werklik in Jesus mens geword het. Omdat God liefde is en ons uit Hom gebore is, het gelowiges Hom en mekaar lief. Sy liefde word dus in gelowiges se liefde vir mekaar konkreet sigbaar as hulle sy gebooie gehoorsaam. Hulle leef in Christus die waarheid in liefde.

God se kinders is kragtig, hulle oorwin die sondige wêreld. Dit waardeur die oorwinning behaal is, is ons geloof. So bemoedig en versterk die Vader ons ook vandag in die wêreld wat Hom en sy Seun loën. Dit is seker: Ons veg aan die wenkant!

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Dr. JP (Johannes) Bingle (Emeritus)*